Maandag 29 Junie
Skrifgedeelte: Openbaring 19:11-21
Fokusgedeelte: Openbaring 19:16
Koning-Bruidegom!

Openbaring is 'n moeilike boek om te verstaan. Maar Wie Jesus is, maak my altyd rustig. Onthou, die boek is bedoel om my te troos! Jesus sê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk" (Op. 1:17-18). By Jesus is ek altyd veilig!

Is jy ook oorweldig deur wat in die wêreld aangaan? Oorloë, aanvalle, opstande, swak leiers, moord, verkragting, lieg, steel, bedrog, selfsug, haat, losbandig, spot, onseker, arm, goddeloos ...

Openbaring 19:11-21 sê: Moet nie bang wees nie. Ons het 'n Koning-Bruidegom wat alle mag en krag het. Voor sy weermag kan geen fisiese of geestelike mag bly staan nie. En as die dag aanbreek, ry Hy op sy wit perd en vernietig alle spore van Satan se ryk. Hy vernietig alles en almal, behalwe sy bruid. Sy kerk, sy volgelinge, ons wat in Hom glo. Ek.

Óns sing by 'n feesmaal in die Nuwe Jerusalem:
"Prys die Here!
Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning.
Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee,
want die bruilof van die Lam het aangebreek,
en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.
God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek." (Op. 19:6-8)

En Hy, ons Bruidegom, wat doen Hy? Buite oordeel Hy regverdig, weeg almal aan wie Hy is, straf hulle wat nie in Hom geheilig is nie. Slaan soos met 'n yster 'n kleipot stukkend. Trap tot bloed soos mens wyn uit druiwe trap. Vir eens en vir altyd is alle boosheid vernietig.

Sy bruid – ons! – lewe dan in 'n wêreld waar daar geen sonde en stukkend en hartseer meer is nie.

*Sing: Psalm 2; Skrifberyming 17-1*

*Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)*